

Hein Willemse

Hein Willemse is die hoof van die Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria. E-pos: hein.willemse@up.ac.za

Die Swart Afrikaanse skrywersimposium – oorspronge en konteks

The Black Afrikaans writers' symposium – origins and context

This essay in modified form was presented on invitation to the Third Black Afrikaans Writers' Symposium (2005). It recounts the author's experiences that gave rise to the first symposium twenty years earlier. The relevance of black solidarity to the post-1976 generation of Black Afrikaans writers is explored within the context of similar national and international debates in the 1970s and 1980s. The author argues that through the process of self-naming Black Afrikaans writers opened up possibilities of rethinking the place, role and contribution of black speakers of Afrikaans. In the past Afrikaner nationalism propagated a monolithic perception of the Afrikaans language. Through its influence on Afrikaans language and literary studies the presence and contribution of black speakers were actively played down or silenced. The essay concludes with remarks on the re-negotiation of South African identities and the search for a broader Afrikaans (*'n ruimer Afrikaans*). **Key words:** Afrikaans language, Afrikaans literature, Black Afrikaans writers, Black Consciousness, identity formation.

In die oploop tot die derde Swart Afrikaanse skrywersimposium het ek verskeie uit-sprake en aannames oor hierdie instelling en sy geskiedenis gehoor.¹ Dit het my laat besef dat ek as die hooforganiseerder van die eerste twee simposia 'n verpligting het om vir die rekord verslag te gee van die ontstaan, die beweegredes en breër konteks van die Swart Afrikaanse skrywersimposium. Eerder as om regstreeks met die kommentators in gesprek te tree, bied ek vanuit 'n persoonlike perspektief 'n insig op hierdie sake, 'n perspektief wat opgesom kan word as die soeke na 'n ruim beleving van Afrikaans.

'n Bietjie meer as twintig jaar gelede het ek op uitnodiging van Jan Rabie 'n Afrikaanse Skrywersgilde-beraad in die Van Riebeeck-hotel op Gordonsbaai toege-spreek. Die Gilde het 'n sterk teensensuur ingesteldheid gehad en sommige skrywers sou selfs as anti-establishment of anti-apartheid bestempel kon word. In 'n bedom-pige saaltjie het ek en 'n paar ander jong skrywers daardie aand kort voordragte oor die skryfambag gelewer. Ek wou in my toespraak 'n dilemma wat swaar op my gerus het, aanspreek, naamlik dat Afrikaans 'n taal van verset was; dat Afrikaans die taal van die werkersklas, die armes en die verdruktes was. Selfs belangriker: dat hierdie Afri-kaans onderskei moet word van die uitdrukking en assosiasies van die taal wat 'n

paar jaar tevore as “taal van die verdrukker” gebrandmerk is. In terme van die Afrikaanse letterkunde was my aanname dat miljoene Afrikaanssprekendes se versugtinge nie werklik verwoord word nie:²

Ek skryf in Afrikaans. Ek stry in Afrikaans. Maar het ek deel aan die Afrikaanse letterkunde? Wat is my verhouding tot 'n letterkunde wat in essensie so diametraal tot my staan? Miskien sou my vraagstelling eerliker wees as ek vra: skep ons aan dieselfde letterkunde? [...] Vir mense in stryd [...] vir 'n taal in stryd kan ons nog die gemeenskaplike skeer van die kam verduur? [...] [E]k wil aanvoer dat in die estetiese sfeer die proses van die universalisering van kultuur die verdringing van die opposisionele stem impliseer. (Willemse 1985: 229)

Na afloop van my toespraak was daar 'n intense, oproerige debat, waarvan ek die besonderhede vandag nie meer onthou nie. Wat ek wel onthou, is 'n toneeltjie later die aand toe ek op pad terug huis toe was. Op die parkeerterrein het 'n man wat toe pas in die openbaar water afgeslaan het, my voorgekeer. Aan sy ongekoördineerde bewegings kon ek sien dat hy erg ontsteld of taamlik dronk was. “Jy moet jou kák los, mannetjie, ek sal jou opfók!” het hy my toegesnou en oor die pad voortgestrompel, terug na die hotel. Ek was so oorbluf, dat ek nie eens die ou Kaapse wederwoord, “Jy en watter army!” kon uitkry nie. In die stoeplig van die hotel kon ek sien dat die man 'n bekende Afrikaanse skrywer was. Op daardie moment was die beskonke skrywer presies die toonbeeld van wat met amptelike Afrikaans gebeur het: 'n taal dronk met mag, handhawing en geweld, “as jy nie wil hoor nie, dan bliksem ons jou tot jy reg sê!”

Dit is daardie toespraak en hierdie gebeurtenis wat 'n paar maande later aanleiding sou gee tot die eerste Swart Afrikaanse skrywerssimposium. Ek kon 'n paar kollegas in die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Wes-Kaapland oortuig dat die tyd ryp was vir so 'n geleentheid. Nie net was daar sedert 1976 in die Wes-Kaap kreatiewe woelinge in Afrikaans wat sterk anti-apartheid was nie, maar op my lessenaar het allerlei Afrikaanse skryfsels beland wat van jeugdige militantheid en opstand gespreek het. Daar sou dus genoeg sprekers wees, en met die hulp van 'n paar befondsers en ons jeugdige voortvarendheid was die simposium gou 'n werklikheid.

Ons grootste kopkrapper was die naam. Ons kon dit nie “Die nie-hegemoniese skrywersberaad” – 'n verwysing na die Gramsci-geïnspireerde titel van my Gordonsbaai-toespraak – noem nie (kyk Willemse 1985). Dit moes 'n naam wees wat ons intensies, ons sosiale stryd en ons ingesteldheid weerspieël het. Ons het lank gedebatteer en uiteindelik besluit op die “Swart Afrikaanse skrywerssimposium”, met genoeg alliterasie om darem ons digterlike aspirasies ook ten toon te stel. As geswore internasionalistes wat gepas anti-rassisties, anti-establishment en marxisties ingestel was, het ons deeglik die onderliggende kontradiksies besef. Teen 1985, die jaar van die eerste

simposium, het ons wat onder Black Consciousness, en vroeër ironies genoeg ook in die ultra-linkse Unity Movement, ons politieke spore verdien het, alreeds die beperkinge van dié denkrigting ervaar. Daar was meer as genoeg redes om die begrip nie te gebruik nie: dis té liberaal, té nasionaal, té essensialisties, té..., té..., té... As 'n mens nie versigtig is nie, het ons mekaar gewaarsku, kon die begrip maklik verword tot essensialistiese identiteits- of mitevorming en stereotipering.

Ons het al die permutasies oorweeg, maar géén ander begrip kon die oppositionaliteit en die strydvaardigheid van ons beleving as Afrikaanssprekendes só raak verwoord nie. In ons voorwoord tot die simposiumverslag het ons daardie konteks probeer saamvat: "In 'n epog waar daar politieke gemeensaamheid en alliansies gesoek word, is die differensiasie wat met 'swart skrywers' bedui word 'n omstrede een. 'Swart' word hier in sy bewuste politieke sin gebruik. (...) 'Swart' is 'n ideologiese keuse. In essensie ondervang dit die kontestasie wat deel uitmaak van die verhouding Afrikaans–swart mense en Afrikaans–staat" (Smith e.a. 1986: iii).

In die aangesig van die uitoefening van Afrikanernasionalistiese mag waarvan "witheid", "militarisme" en "Afrikaans" die uitstaande kodes was, moes swart Afrikaanssprekendheid dien as kodewoord vir ons oppositionaliteit en politieke stryd. Belangriker, en miskien selfs ironies, moes dié begrip die *ondermyning* van (essensialistiese) etniese identiteit be-teken. Die vermeende insulêre, statiese identiteite wat Suid-Afrikaanse separatisme en apartheid ingegee het, was onder Black Consciousness veranderbaar. Die begrip "swart" in sy generiese verwysing – om ou Suid-Afrikaanse etniese kategorieë soos "Bantoe", "Indiër" en "Kleurling" te bedui – sinjaleer 'n merkwaardige proses van besitname, van herbenoeming en bowenal van ondermyning. Sosiale en veral politieke mag determineer gewoonlik naamgewing. Dit is die heerser of in die geval van geslagtelikheid, patriargie, wat benoem. Met die begrip "swart" in 1985 was dit die oorheersdes – ons – wat *self*-benoem, *self*-identifiseer en betekenisvol *eie inhoud*, daaraan toegevoeg het.

Taalprosesse in die Kaap word sedert die begin van die neëntiende eeu gekenmerk deur 'n verengelsende middelklas, een wat om allerlei redes – onder meer ekonomiese mobiliteit, sosiale status en taalpolitieke oorwegings – besig is om afstand te doen van hulle Afrikaanse wortels. Afrikaans is 'n merker van klas en afkoms. Talle families beleef 'n taalskisoftenie: die ouer mense is plattelands en/of werkersklas én Afrikaans terwyl die jonger lede stedelik, ekonomies-mobiel én Engels is. In 'n sin wou daardie eerste simposium ook hierdie taalskisoftenie aanspreek, naamlik om die Afrikaanse politieke en kulturele uitdrukking in swart gemeenskappe te valoriseer: jy het nie nodig om skaam te wees omdat jy Afrikaans, die merk van die Kaapse plattelander of die swart Afrikaanse werkersklas, besig nie.

Die begrip wou natuurlik regstreekse verbande lê met wat op daardie tyd in Suid-Afrikaanse Engelse letterkunde aan't gebeur was. Die aanwesigheid van die tydskrifte *Classic* en *New Classic*, die opkoms van *Staffrider* en die uitgewerye Ravan en

Skotaville het aan jong swart skrywers 'n kollektiewe identiteit en 'n gemeenskaplike publikasiekanaal gebied wat tot 'n kreatiewe ontploffing in die jare sewentig en tagtig aanleiding gegee het. Die werk van hierdie jong swart Engelse skrywers het soos hul Afrikaanse eweknieë gesprek van jeugdige militantheid, soms met gebreke of onvoldoende ambagtelikheid. Vir ons wat geskoold was in die tradisies, verwagtinge en literêre konvensies van die kanon was dit duidelik dat hierdie nuwe uitdrukkinge juis om dáárdie rede gekoester moes word. Van die bekendste strategieë vir die uitsluiting en uitweer van opposisionele stemme in talle kulturele en letterkundige sisteme is die aanlê van sogenaamde "universele norme" of "literêre standaarde". Die onbedoelde (of selfs die bedoelde) gevolg is meermale die onsigbaar maak van sulke opposisionele of insurgerende tradisies. Dit is inderdaad ook hier relevant: teen 1985 het 'n opkomende generasie swart Afrikaanse digters alreeds vir byna 'n dekade hul werk gepubliseer sonder dat die (wit, establishment) Afrikaanse kritiek werklik daarvan kennis geneem het. As jong literatore was dit vir ons ter sake hoe die toetreding van hierdie opkomende geslag skrywers hanteer moes word. (Terloops en met diepe respek gesê: die swart skrywerssimposiums het skrywers wat om verskeie redes deur die heersende kanoniseringsprosesse geïgnoreer is of kon word, 'n stem gegee wat hulle andersins nie sou gehad het nie.)

Hierdie ervaring en die kritiek wat ons op die werk van hierdie geslag jong Afrikaanse skrywers verwag het, herinner sterk aan 'n uitspraak van Kevin Gilbert (1988: xviii) in *Inside Black Australia*, 'n bloemlesing van Australiese Inheemse-poësie: "Many critics of Aboriginal poetry, whether using polite language or digital graffiti, express some difficulty in finding comparisons and parallels. Their solemn enunciation on the aesthetics, the imagery, rhyming and metric patterns, metaphors, lucidity, fluidity, lingoism, jingoism, polemicism, chantism, phenomenality of the Aboriginal voice, is an assurance to us that the debate will continue." Gilbert (1988: xviii) suggereer 'n bykomende opvatting van "universaliteit" wat vir die hekwagters van 'n dominante tradisie nie altyd voor die oog spring nie: "Aboriginal poets share a universality with all other poets, yet differ somewhat in the traumatic and material experience of other poets, especially those who have wandered through Europe and, for that matter, Australia, starving in ghettos or rejecting established constraints." 'n Soortgelyke perspektief was ook vir ons plaaslike situasie in 1985 ter sake.

Voorts was ons intensie dat die begrip "swart" nie net plaaslike resonansie moes hê nie, maar ook die uitgebreide beleving van swart en gemarginaliseerde mense in die wêreld moes oproep. Die begrip "swart" is 'n belangrike be-tekenaar (*signifier*) wat internasionale solidariteit verteenwoordig. Die begrip omvat uiteenlopende idees wat die bevryding van swart mense in verskillende dele van die wêreld verteenwoordig: swart trots, oproepe om geregtigheid of oproepe om die verbetering van hul ekonomiese en politieke posisie. Die Pan-Afrikanisme wat ouer denkers soos W. E. B. du Bois, George Padmore, Kwamé Nkrumah en die meer radikale denkers soos Marcus Gravey

verteenwoordig het, was bekend, maar dit is veral onder die vaandel van “Black Studies” (en later African-American Studies) dat Amerikaanse literêre kritici soos Henry Louis Gates, bell hooks en ander belangwekkende kritici herkonstruerende werk gelewer het wat ook vir ons hier in Suid-Afrika uiters ter sake was. In Nederlands was daar toendertyd die ontluiking van ’n nuwe geslag skrywers uit Suriname en Indonesië en het skrywers soos Pramoedya Ananta Toer ’n wesenlike indruk gelaat. Die internasionale diasporiese (en revolusionêre) resonansie van die begrip “swart” het ook neerslag gevind in ’n uiteenlopende verskeidenheid denkers en skrywers, van Léopold Sédar Senghor en Aimé Césaire tot Amilcal Gibril en Frantz Fanon; van Angela Davis en Maya Angelou tot Nikki Giovanni en Alice Walker, van Chinua Achebe en Wole Soyinka tot Es’kia Mphahlele en Ngũgĩ wa Thiong’o. So beskryf die Amerikaanse digter, Imamu Amiri Baraka, in sy gedig, “Ka ‘Ba” byvoorbeeld die bewuste swart selfkoestering wat so tekenend van dié tyd was (Randall 1972: 212):

We are beautiful people
 with african imaginations
 full of masks and dances and swelling chants
 with african eyes, and noses, and arms,
 though we sprawlin grey chains in a place
 full of winters, when what we want is sun.

As Black Consciousness ’n salwende kyk-na-binne vir jong geskoolde swart mense gebied het, het die begrip “swart”, ’n duidelike epistemologiese verskil tussen heerser en oorheersde aangedui. ’n Verstoke – en desnoods swart – geskiedenis van Afrikaans kon moontlik wees; ’n onafhanklike perspektief op swart Afrikaanssprekendheid kon moontlik wees. Ons het nie nodig gehad om die monolitiese (die Afrikanernasionalistiese) weergawe van Afrikaans se geskiedenis as die enigste weergawe van die geskiedenis te ervaar nie; nog minder het ons nodig gehad om die Afrikaanse letterkunde – daardie wesenlike inskripsie van wit Afrikaanssprekendheid – as ’n onkontesteerbare instelling te aanvaar. Vir ons, die jong organiseerders van daardie eerste simposium was dit duidelik dat swart Afrikaanse skrywers in (’n) opposisionele verhouding(s) tot die dominante uitdrukking van die Afrikaanse letterkunde gestaan het. In ons voorwoord tot die eerste simposiumverslag stel ons dit so: “Die sosiale invoeging van swart Afrikaanse skrywers binne die Afrikaanse literêre konteks is desnoods ook totaal anders as dié van wit Afrikaanse skrywers: die belange, die verwagtinge, die prosesse van kulturele produksie en reproduksie verskil” (Smith e.a. 1986: iv). Tog, was en bly die onderliggende intellektuele ingesteldheid wat die simposium rig, *die aktivisme vir ’n óóp, ruim tradisie waarin die geleiding van Afrikaans neerslag vind.*

Ten spyte van opvallende leemtes soos ’n onvoldoende konsentrasie op kwessies van etnisiteit of geslag het die konsep “swart” ’n noodsaaklike fokus op die idee van die politieke identiteit van “swart eenheid” teweeggebring, ’n herkonstruksie van

die apartheidsideoloë se opvatting van identiteit wat etnisiteit en afkoms as onaanpasbaar, onveranderbaar en onoorbrugbaar gekonseptualiseer het. Die “Swart Afrikaanse skrywerssimposium” moes in sy naamgewing dus ’n kreatiewe (her-) konstruksie van identiteit en bewuste politieke keuses sinjaleer. Hierdie eenheidsfokus kon inderdaad die potensiaal hê dat die diversiteit van oorspronge en die uiteenlopende vorme van sosiale beleving van mense wat so benoem is, onderdruk sou word. Inderdaad: byvoorbeeld in die Karibiese eilandgebied het Édouard Glissant en latere *créolistes* soos Patrick Chamoiseau en Raphaël Confiant juis in reaksie op *négritude* oortuigend aangetoon hoe ’n eenogige konsentrasie op “swart eenheid” – as politieke identiteit – veelvuldige tale en kulturele gebruike diskursief onderdruk of anders gestel: hoe die universalisering van ’n anti-dominante swart ervaring tot die verdringing van ander veelvuldige nie-dominante sosiale en kulturele belevings kan lei. Tog sou ’n ander Karibiese kultuurkritikus, Stuart Hall, die nastreef van strategiese swart eenheid – ’n strategiese essensialistiese greep om Gayatri Spivak na die mond te praat – tydens ’n bepaalde periode soos volg beskryf:

[P]olitical identity often requires the need to make conscious commitments. Thus it may be necessary to momentarily abandon the multiplicity of cultural identities for more simple ones around which political lines are drawn. You need all the folks together, under one hat, carrying one banner, saying we are for this, for the purpose of this fight, we are all the same, just black and just here. (Hall in Grossberg 1993: 10)

In die sewentiger- en vroeër tagtigerjare was Black Consciousness vir ’n jong geslag Afrikaanse skrywers ’n samebindende banier.

Die ander beskrywende been van die begrip is “Afrikaans”. Dit is opvallend hoe moeilik dit in etnies-bewuste Suid-Afrika is om “swart” en “Afrikaans” positief neweskikkend te stel. In 1985 wou ons as Afrikaanssprekendes ons moedertaal bevry van die stigma wat Afrikanernasionalisme, -verdrukking en -beheer daaraan gegee het. Daardie stigma wat onlosmaaklik aan ’n taal gekoppel is, maar in sigself so ongenuanseerd is: taal as ’n sisteem van klank en betekenis word regstreeks gekoppel aan sekere sprekers se politieke houdings en optrede.

Die swart Afrikaanse skrywers van daardie geslag was op allerlei maniere betrokke by die breër sosiale stryd. So byvoorbeeld, skryf Willie Adams (1995: 54) in ’n brief aan ’n koerant oor sy gedig “Riemvasmaak” soos volg: “[E]k (het) ’n gedig geskryf (...) met die titel “Riemvasmaak”, waarin ek die tragiese storie van die verskuiwing van Riemvasmaak se mense rondom 1973–74 beskryf.” Twintig jaar later vra hy dan betekenisvol die koerant om sy brief en die gedig te plaas, “sodat die mense van Riemvasmaak kan weet dat hulle destyds nie ongemerk verskuif is nie. Hulle moet weet dat hulle nie alleen is in hulle stryd om hul grondgebied terug te eis nie.” Veral in die suidelike streke van hierdie land was Afrikaans tegelyk die taal van die heerser en die taal van die oorheersde. En: Afrikaans het duidelik in sosiale stryd teregge-

kom. Vergelyk hierdie emblamatiese vers van Kenneth de Bruin wat in die kortstondige tydskrif, *Skryf* (Desember 1987), verskyn het:

in jou bors
swart kind
brand die begeerte vurig
en binne jou worstel
jy met jouself
'n AK
of 'n skermutseling
om jou persoonlike lewe
daar buite is 'n township
wat brand
daar buite is mense wat sterf
en net 'n dun lagie
van sy vel
dit is wat jou lewe werd is
swart kind
'n doodskoot uit 'n vuurwapen

Maar tot watter wroeginge het die begrip "Swart Afrikaanse skrywers" nie aanleiding gegee nie? "Swart" en "Afrikaans" kon eenvoudig vir sommige kommentators nie naasmekaar bestaan nie. Dit is asof hierdie begrip in sekere kringe 'n intellektuele onhoudbaarheid verteenwoordig; 'n anomalie wat besweer en dan vervang moet word met 'n hanteerbaarder, behoudende inhoud. My vakkollegas, meesal my wit vakkollegas, wat hulle aan die onderwerp gewaag het, het byvoorbeeld baie vinnig "swart Afrikaanssprekendes" of "swart Afrikaanse skrywers" met "bruin sprekers van Afrikaans" of "bruin Afrikaanse skrywers" vervang, asof laasgenoemde begrippe ekwivalente sou wees. Terwyl dit dít juis nie is nie. Eerstens, word die begrip – "swart Afrikaanse skrywers" – se intensie van anti-apartheid ondermyning, sosiale stryd, transetniese en internasionale affiliasie vervang met etniese spesifisiteit en apartheid sosiale ordening. Tweedens, word Afrikaans – naas Engels, die taal wat deur die meeste Suid-Afrikaners gedeel word – weer eens gereduseer tot uitsluitlik die taal van gekleurde mense en Afrikaners. Só word die plek en rol van Afrikaanssprekers uit alle *ander* sosiale agtergronde effektief verswyg.

Die ongemak met "swart Afrikaanssprekendes" in dié kringe is verstaanbaar. Die begrip spreek die visie van "die Afrikaanses", die opnuut-gekonstrueerde etniese assosiasie tussen gekleurde mense en Afrikaners teë. Voorts word die potensiele militantheid wat die begrip verteenwoordig, gesmoor omdat "bruin" as minder bedreigend ervaar word of omdat die "bruin mense" "ons" mense is of mense wat "ons van kindsbeen ken". Terselfdertyd spreek die begrip, "bruin Afrikaanse sprekers", vandag reg-

streeks en ondersteunend tot daardie stemme wat opgaan vir 'n ontluikende bruin nasionalisme.

Gegee hierdie konteks en geskiedenis van die begrip, "swart Afrikaanse skrywers" moet dit uiteindelik (en selfs noodwendig) efemeer wees. Die idealis in my is oortuig dat daar 'n tyd moet kom, waarin dié soort opposisionaliteit wat hier bedui word, van geen werklike belang meer sal wees nie. Ons sal moet werk vir 'n tyd en 'n omgewing waarin dit vir ons moontlik is om nie met 'n "rasse-oog" – a *racialing gaze* – na ons mede-Suid-Afrikaners te kyk nie. My persoonlike verbintenis bly tot ons gemeenskaplike menslikheid. Daarom is die wyse waarop ek die begrip, swart Afrikaanse skrywers nog altyd aangewend het strategies en analities, eerder as onveranderbaar of wesenlik. Die begrip ondervang, vir my, 'n historiese proses van stryd en wording, eerder as die bereiking van die ideaal.

Maar wat maak in die huidige Afrikaanse kulturele omgewing? Oorsigtelik beskou, lyk dit vir my of die stryd waarvan die begrip "swart Afrikaanse skrywers" getuig, nog nie verby is nie. Selfs vandag nog, is talle prosesse in die Afrikaanse kulturele omgewing gerig op die verwerplike akkommodasie van swart Afrikaanssprekendes. Hierdie akkommodasie verteenwoordig in sy mees irriterende vorm situasies en gevalle waar swart (of eerder bruin) Afrikaanssprekendes opgeneem word, maar in werklikheid wesenlike aanhangsels van wit Afrikaanssprekendheid word sodat die ou ingesteldhede, die politieke of sosiale oriëntasies en die onderliggende waardes relatief onveranderd bly voortbestaan. Die Swart Afrikaanse skrywersimposium is een van die min swart-geïnisieerde geleenthede waar swart Afrikaanssprekers *werklik* bestekopname van hulle taal en hul plek en rol in die Afrikaanse letterkunde en in Suid-Afrika kan neem. By herhaling: as dit nie vir hierdie simposium was nie, sou die meeste van hierdie skrywers geen forum gehad het om hul standpunte te stel en te verdedig nie; as dit nie vir die Swart Afrikaanse skrywersimposium van 1985 was nie sou daar vandag nie 'n bewustheid van die noodsaak vir die publikasie van swart Afrikaanse skrywers gewees het nie.

Voorts kan die stryd waarvan die begrip "swart Afrikaanse skrywers" getuig, nog nie verby wees nie. Dit is onverdedigbaar dat meer as 'n dekade na die aanbreek van demokrasie Afrikaans nog steeds hoofsaaklik (en soms selfs uitsluitlik) met die Afrikaner verbind word of dat sommige Afrikaanse organisasies nog steeds Afrikaans én Christelikheid as voorwaardes vir lidmaatskap stel. (Ek werk byvoorbeeld op 'n kampus waar studenteraadverkiesingsbiljette blatante rassisme van dié soort onder die vaandel van vryheid van spraak verkondig.) Net so problematies is dit dat die regerende ANC op 14 Augustus 2005 met groot gebaar die Afrikaner met Afrikaans gelukwens en só hoofsaaklik die nasionalistiese stroming van hierdie taal se geskiedenis in herinnering roep. Dit terwyl byna 60% van die sprekers van Afrikaans vandag swart is, maar hul geskiednisse gemarginaliseer en ontken word; dit terwyl swart Afrikaanssprekers in 2005 op alle vlakke van mediarepresentasie of Afrikaanse

instellings – tydskrifte, koerante, televisie, radio, die bemerkings- en advertensiewese – onderverteengewoondig is. Waar hulle teenwoordig is, byvoorbeeld in televisieprogramme is dit dikwels as opgedateerde, maar steeds onvergenoeglike stereotipes.

Daarom kan in 2005 die stryd om die gelykberegting (vir) van swart Afrikaanssprekendes nog nie afgeloop wees nie.

Ná 1994 beleef ons diepgaande verskuiwings ten opsigte van politieke mag, taal- en kultuuridentifikasie. So word die strydvaardige sekerhede van die verlede bevraagteken. Ons is besig om die inhoud van begrippe soos “swart”, “Afrikaan”, “African”, “bruin”, “wit” of “nie-rassigheid” te herbeding. Dit alles vind plaas in ’n omgewing waar Suid-Afrikaners meeding om staatspatronisering, politieke toegang, ekonomiese vooruitgang en die “outentiekheid van ‘ras’”. So word byvoorbeeld word die voor-1994 opvatting van ’n gemeenskaplike swartbewustheid en gemeenskaplike stryd betwis, terwyl die invoer van regstellende aksie mense dryf om opnuut hul belange in eksplisiete etniese terme te verklaar. Identiteitskonstruksies wat die politieke en ekonomiese potensiaal van ons tydvak wil ontsluit (sommige beweër uitbuit), is algemeen onder weg.

Ek noem net ’n paar van daardie verskuiwings:

- toenemend is daar tekens van ’n geëssensialiseerde Afrikanisme, gekenmerk deur die frase, “that section of our population that has been most exploited in the past”;
- jong bruin joernaliste dring met reëlmaat aan op ’n geformuleerde uitdrukking van “bruin wees”, die skepping van ’n afirmatiewe identiteit, wat onderskei moet word van swart of African of Afrikaner-identiteit; terselfdertyd word toenemend geluide gehoor wat die gedagte aan een enkele bruin identiteit teenspreek ten gunste van meer parogiale streeksidentiteite;
- daar is voorts ’n uiteenlopende aantal herskrywings van wit identiteit – byvoorbeeld wit identiteit ten gunste van ekonomiese en kulturele integrasie, wit identiteit as hulpverlenende samewerkers “ons het kundigheid, laat ons help”, wit identiteit as ’n minderheid onder beleg of wit identiteit as ’n identiteit van verzet.
- Oorhoofs is daar natuurlik denkstrominge wêg van uitdruklike vorme van etniese partikularisme na pogings tot ’n herdefinisie van ’n gemeenskaplike Suid-Afrikaansheid of pogings ons onself as Afrikane – Africans – in die kontinentale sin van die woord, te bedink.

Wat beteken al hierdie ontwikkelinge vir ons as Afrikaanssprekendes?

Die afgelope paar jaar beleef ons sterker as voorheen die *diskoers van oorlewing* rondom Afrikaans. Baie woorde is al gespreek, en nog meer woorde is geskryf ter ondersteuning van die sogenaamde taalstryd. Dwarsdeur die wêreld is angsvalligheid en verwoording van ’n staat van beleg of ’n intensie van verzet in nasionalistiese

stryde nie onbekend nie. Ook nie in Suid-Afrika of rondom Afrikaans nie. Hier te lande het veral Afrikaner kultuuraktiviste ook op soortgelyke wyses omgegaan met die idees van taal- en volksoorlewing. Die uiteindelijke gevolg is mobilisering ten gunste van strategiese volksvorming: die volk word bedreig en ons moet saamstaan teen die bedreiging / die bose / die vreemde.

As 'n Afrikaanssprekende kan ek nie ontken dat Afrikaans die afgelope dekade as openbare taal inderdaad agteruitgegaan het nie. Dit was te verwagte, omdat Afrikaans in 'n vorige bestel so buite verhouding bevoordeel is, so buite verhouding tot openbare taal verhef is en natuurlik so uitermate aan apartheid-dwingelandy gekoppel is. (Ek ontken nie hiermee dat die ontwikkeling van Afrikaans tot 'n hoëvlaktaal inderdaad 'n navolgingswaardige, selfs in 'n bepaalde sin 'n merkwaardige antikoloniale, prestasie is nie of dat die beskerming van die taal as ampstaal dwingend is nie.) Myns insiens lê die grootste bedreiging vir die voortbestaan van Afrikaans in die voortgesette pogings om Afrikaans so nou aan Afrikaner etniese identiteit (of dan ten minste Afrikanerbelange) te koppel. Uit eie ervaring weet ek dat pogings om met bestaande Afrikaanse organisasies en instansies saam te werk alte dikwels uitloop op pogings (nou met 'n gekoöpteerde swart gesig of twee) te beding vir die beskerming van enger Afrikanerbelange of die propagering van kwalik versteekte antagonisme teen fundamentele grondslae van die huidige Suid-Afrikaanse staat. Vir solank as wat Afrikaans slegs 'n kodeswoord vir die etniese Afrikaner bly en daar nie waaragtige pogings is om die taal in sy Suid-Afrikaanse diversiteit uit te bou en te koester nie, sal daardie pogings minder suksesvol wees.

Op die vraag "wat staan ons te doen?" wil ek met Edward Said (2004: 141) praat, dat die oplossing is "to construct fields of coexistence, rather than fields of battle". Ons moet 'n ruim en verruimende diskoers in Afrikaans skep wat die taal nie voortdurend verbind met rassistiese antagonisme of verset teenoor die huidige Suid-Afrikaanse staat of die meerderheid inwoners nie.

In 'n vroeëre voordrag skryf ek soos volg (kyk Willemse 2003: 5–6): die ontplooiing van 'n ruim Afrikaans kan nie aan die toeval oorgelaat word nie, omdat die magbalans ten opsigte van institusionele Afrikaans so ongelyk is. Dit is ook nie 'n toestand wat op grond van toegifte verwerf moet word nie. Daaraan behoort ons individueel en gesamentlik mee te werk.

Ek noem ten slotte 'n paar strategieë:

- In 'n situasie waar byna 60% van eerstetaal Afrikaanssprekers beperkte ekonomiese en kulturele belange in Afrikaans het, is dit kardinaal dat daardie belange aktief uitgebrei moet word. Dit beteken dat bestaande maatskappye of organisasies moet transformeer – of gehelp moet word om te transformeer – om die volle spraakgemeenskap te omvat.
- Dit is noodsaaklik dat swart Afrikaanssprekers toegelaat word om uitvoerende rolle in die Afrikaanse mediabedryf – die visuele, druk- en elektroniese media-

omgewing – te speel. Deeglike planne moet gemaak word om die bestaande leemtes te vul. Waar opleiding en mentorskap nodig is, laat dit gebeur.

- Dit is belangrik dat die beleving van swart Afrikaanssprekers – in sy bekoorlike diversiteit – behoorlik neerslag in die media- en letterkundige wêreld kry.
- Dit beteken ook dat swart Afrikaanssprekers die inisiatief sal moet neem om organisasies en maatskappye te skep waarin bewustelik 'n ruimer Afrikaanssprekendheid bevorder word.
- Die Afrikaanse platteland – veral die suidelike platteland – behoort beter en stelselmatig ontgin te word in die werwing van toetreders tot die breë Afrikaanse bedryf.
- Dit is nodig om die verstoke beelde en ervarings van Afrikaans te dokumenteer en aan te bied as deel van 'n bewuste poging om die taal in sy volheid te representeer.
- Afrikanersentrisme het die afgelope eeu 'n diepgaande uitwerking op die standaardisering van Afrikaans gehad. Dit is dwingend dat die verskeidenheid van Afrikaans op 'n konsekwente en deurlopende wyse in die bereëling en boekstaving van die taal neerslag kry.

Uiteindelik kan alles wat ek gesê het, in een sin opgesom word: Dat ons nuwe, gedeelde simbole, helde, rituele, waardes en praktyke sal moet vestig om die ideaal van 'n ruim Afrikaans te bewerkstellig.

Aantekening

1. Hierdie is 'n aangepaste weergawe van 'n voordrag wat in Oktober 2005 op uitnodiging tydens die Derde Swart Afrikaanse skrywersimposium, Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville gelewer is. Dit was opgedra ter herinnering aan Cathy Willemse (1925–2005).
2. In teoretiese terme sou hierdie benadering ook as “posisionaliteit” of “perspektivisme” beskou kon word (sien Francesco Loriggio in Gunew 1994: 5).

Bronnelys

- Adams, Willie. 1995. *Riemvoasmaak*. Grassy Park: Domestica.
- Gilbert, Kevin (ed.). *Inside Black Australia – An Anthology of Aboriginal Poetry*. Ringwood: Penguin Books Australia.
- Gunew, Sneja. 1994. *Framing Marginality. Multicultural Literary Studies*. Melbourne: Melbourne University Press.
- Said, Edward W. 2004. *Humanism and Democratic Criticism*. New York: Columbia University Press.
- Randall, Dudley (ed.). 1972. *The Black Poets*. Toronto, London, New York: Bantam Books.
- Smith, Julian, Van Gensen, Alwyn, Willemse, Hein. [1986]. *Swart Afrikaanse Skrywers*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.
- Willemse, Hein. [1985]. Poësie se nie-hegemoniese vorm. In Charles Malan en Bartho Smit (reds.). *Skrywer en gemeenskap: tien jaar Afrikaanse Skrywersgilde*. Pretoria: HAUM Literêr, 227–230.
- _____. 2003. Op pad na 'n ruim Afrikaans – 'n bydrae oor nie-rassigheid in Afrikaans. Toespraak gelewer tydens die Suidoosterfees, Bellville, Oktober 2003.
- _____, Hattingsh, Marion, Van Wyk, Steward & Conradie, Pieter. 1997. *Die reis na Paternoster*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.